

DIE PLEK VAN GESKIEDENIS IN DIE ONDERWYSINRICHTINGS VAN JAPAN — 'N KORT OORSIG

Japan ontdek die Weste

Vyf-en-veertig jaar nadat Vasco da Gama die seeweg na Indië ontdek het, het die eerste Portugese by Japan aangedoen en op die Tanegashima-eiland 'n faktory opgerig. Die morele kodes, gewoontes en gebruike asook lewensopvatting van die Portugese het die Japanesë onbeïndruk gelaat aangesien hul eeue-oue Confuciaanse tradisie en Shintogodsdiens met sy etiese kodes wat van Sjina oorgewaaï het, beskou is as veel meer as wat die Portugese kon bied. Hulle belangstelling in die Portugese, afgesien van die vir hulle eienaardige van die fisiese voorkoms van die Portugese, was meer prosaïes: hulle was geïnteresseerd in die Portugese gewere want hierdie „lang yster stokke” wat met groot lawaai op 'n afstand kon dood, was van onmiddellike praktiese waarde, naamlik dat dit gebruik kon word om die vyand te vernietig.

Twee jaar later het die kulturele beïnvloeding van die Japanese volk met die aankoms van die beroemde katolieke sendeling Xavier, begin. Ofskoon hy alleenlik ongeveer twee jaar in Japan vertoef het, het hy agtergekom dat sommige Japanese feudale here wat in voortdurende stryd met mekaar gestaan het, bereid was om 'n gewillige oor aan hom te leen sodat deur bekering van hul onderhoriges die feudale heer se mag daardeur versterk sou word. Binne veertig jaar nadat Xavier aan die kuste van Japan geland het, was daar reeds 150,000 belydende Christene in Japan. Portugese kulturele invloed het dan ook deur die skole wat deur die sendelinge opgerig is, versprei, maar die opleiding was streng godsdienstig gerig met nadruk op die teologiese.

As gevolg van die ingebruik neem van vuurwapens, is die sentrale gesag versterk deurdat die militêre mag van die feudale here makliker in dwang gehou is. Terselfdertyd is daar besef dat die Christendom 'n disruptiewe element in die tradisionele opvatting van die Japanees is. Die gevolg was dat die Christenkerke behalwe die Spaanse Fransiskaanse orde wat vanaf die Filippyne hul werk hier voortgesit het en die indruk geskep het van in opposisie te wees teen die Portugese Jesuïte, gesluit is. Teen 1612 is die oorblywende kerke egter op aandrang van Shintopriesters deur keiser Togukawa Iesyasa verban en vanaf 1633 is geen Portugees meer op die Japanse bodem toegelaat nie. Dit was die begin van 'n selfopgelegde tweehonderdjarige isolasie van die Japanese volk wat daardeur die „korrup-tiewe” invloed van die vreemdelinge vanuit die Weste wou afweer.

Die Japanese het egter die venster na die Weste op 'n effense skrefie oopgehou deurdat hulle die Nederlanders wat na die stranding van die „de Liefde” vanaf 1609 'n faktory in Hirado gehad het, vanaf 1641 toegelaat het om hul handelsbedrywighede vanaf die eiland Deshima voort te sit. Waar die Nederlanders geïnteresseerd was in die Japanse handelsware, was die Japanese in die Nederlandse tegniek geïnteresseerd. Veral anatomie, dierkunde, fisika en aardrykskunde het hul belangstelling gewek en ten

einde meesters te word hierin, het hulle die vertaling van Nederlandse werke aangemoedig. Een van die eerste Nederlandse werke wat vertaal is, was dan ook 'n werk oor die anatomie, naamlik „de Ontleedkundige Tafelen” wat in 1734 as die „Taitai Shinsho” verskyn het. Die veeltalle Nederlandse wetenskaplike werke wat vertaal is en die studie van Nederlands was eenvoudig daarop toegespits om kontak te hou met die wetenskap en tegniek met die gevolg dat daar byna geen sprake was van kulturele beïnvloeding nie. Die studie van Nederlands en „Nederlandse geleerdheid” het dan ook bekend gestaan as Rangaku en het tot aan die begin van die negentiende eeu geduur. So laat as 1811 het die Japanse regering selfs 'n vertaalburo in die lewe geroep en is sover moontlik selfs die belangrikste Nederlandse ensiklopedies vertaal. Hulle het gevolglik praktiese toepaslike kennis as 'n primêre doel gesien en die invloed van die Westerse beskawing en filosofie tesame met die Westerse opvatting van historiese bewustheid was gevolglik sekondêr. Geen geskiedenis is derhalwe in hul onderwysinrigtings bestudeer nie.

Nadat die Amerikaanse admiraal Perry in 1853 die Japanse geforseer het om van hul isolasiebeleid af te sien, het die besef dat wetenskaplike onderlegdheid breër gefundeer behoort te word, pos gevat en is aan die regeringsonderwysinrigtings, die „Kaiseijo”, 'n wyer vakkeuse ingevoer. Geskiedenis, filosofie, ekonomie, wet e.a. is nou bestudeer. Daar is terselfdertyd besef dat Nederlands nie 'n voldoende toegang tot die Europese beskawing gebied het nie en is daar hierna gekonsentreer op die studie van Frans en veral Duits en Engels.

Die Meiji-restorasie

Na die Meiji-restorasie van 1868 het Keiser Meiji hom dit ten doel gestel om die hele Japanse gemeenskap te hervorm en het die Japanse onderneem om binne 'n geslag veranderings aan te bring wat Europa eeue geneem het om te voltooi.¹ Ten eerste is die begrip „Rangaku” — Nederlandse studies — vervang deur die begrip „Yogaku” — Westerse studies. Volgens 'n imperiale dekreet van 1 Januarie 1868 is die feudalisme afgeskaf en is daar nadruk gelê op die begrip nasionale onder die wagwoord: „Nasionale rykdom, militêre krag en produktiewe onderneming”. Wetenskaplikes vanoor die hele wêreld is genooi om die Westerse tegnieke in Japan oor te plant en is Japanse studente aangemoedig om die buiteland te besoek. Die onderwysstelsel is na 1872 op dié van Frankryk en die Verenigde State van Amerika geskoei. Die skoolordonnasie van 1886 het verder nadruk gelê op die nasionale ontwikkeling en is die onderwysrigting bepaal deur die imperiale voorskrif van 1890: nasionale moraliteit, die etiek van Confucius, nasionale ideologie en konstitusionele idees. Japan is in agt universiteitsstreek verdeel elk met sy middelbare en laerskole. Onderwys sou verpligtend wees.

1. Numata Jiro e.a.: *Japan and Western Culture Understanding Japan, An Aid to better Textbooks*, Tokyo, 1964, bladsy 7.

Geskiedenis was 'n verpligte vak met 'n sillabusinhoud wat die nasionale ideologiese sterk benadruk het. Dit is te verstane want sy historiese kontak met die Weste het hom utilitaries en gevolglik empiries ingestel. Vir die Japanese regering is die studie van geskiedenis gevolglik met 'n besondere doel onderneem, naamlik om as instrument te dien om die volk nasionaal bewus te maak en om by hulle 'n besondere historiese bewustheid te kweek; om daarna te strewen om die Japanse volk sy historiese rol in die wêreld te laat speel. Die metodologiese beginsel van korroboratiewe getuienis van Ranke en die Duitse skool was die metodologiese grondslae van waar uitgegaan is terwyl die inhoud van die leerplanne herinner aan die oorbenadrukking van die nasionale deur die Duitse historikus Treitschke.

Die Tweede Wêreldoorlog en daarna

Die ambisieuse hervormingsplanne van Keiser Meiji het binne veertig jaar Japan van 'n feudale land na 'n imperiale moondheid verander. Die eerste Wêreldoorlog waartydens Japan hom aan die geallieerdes se kant geskaar het en sy oorwinnings in Sjina het die Japanse volk gesterk in hul geloof dat hulle op die regte pad is, maar nadat hulle hul aan die kant van die Spilmoondhede (Duitsland en Italië) gedurende die Tweede Wêreldoorlog bevind het, die Amerikaanse atoombomme Nagasaki en Hiroshima verniel het en Japan se droom van imperiale ekspansie vernietig is, het hulle die ou ideologiese opvattinge oorboord gegooi en 'n nuwe gevind waardeur hulle hul land se plek in die na-oorlogse wêreld wou bepaal. Die Japanese van vandag redeneer dat die ou Japan met die einde van die Tweede Wêreldoorlog verdwyn het en dat die nuwe Japan gegrondves moet word op 'n nuwe konsep van Japan se plek in die wêreld en daarmee gepaardgaande 'n hernuwing en uitbouing van sy tegnologie.² Die siening is gevolglik nuut, maar die uitgangspunt is nog steeds utilitaries ofskoon die inhoud van die opvoedkundige denke s.g. „liberaal” sou wees om daardeur in pas te wees met die nuwe liberale denkebeelde van die na-oorlogse tydperk. Dit bly verder 'n ingevoerde standpunt met 'n sterk Amerikaanse inslag. Japan kon nie 'n eie geestelike standpunt uitbou en daardeur aan die Westerse Wêreld ook iets gee om van te leer nie ofskoon sy tegnologiese opgang en nywerheidsproduksie fenominaal was gedurende die afgelope dekade.

Die nuwe na-oorlogse benadering word weerspieël in die Japanese Onderwyswet van 1947.³ Die fundamentele uitgangspunt van die wet is dat die begrippe „individuele waarde” en „spontaneïteit van gees” die oorlogstydse en vooroorlogse beginsel van regimentasie en oorbenadrukking van die nasionale moes vervang.⁴ Die strewen van die Japanse volk om sy plek in die na-oorlogse veranderde wêreld te vind, word ook in sy opvatting oor die doel van geskiedenisonderrig en die waarde wat daaraan geheg word, weerspieël. In die aanhef tot die Fundamentele Onderwyswet van

2. Ibid, bladsy 39.

3. Wet No. 26 van 31 Maart 1947. Ook genoem die Fundamentele Onderwyswet.

4. Inligginsburo: *Facts about Japan: Education*, bladsy 1.

1947 word dit duidelik gestel dat nadat die grondwet vir Japan aanvaar is, is die beslistheid van die Japanese volk getoon om 'n bydrae te lewer tot die vrede van die wêreld en die welsyn van die mens deur 'n demokratiese, kulturele staat te vestig.⁵

Volgens die onderwyswet is die Japanse skole breedweg in drie kategorieë verdeel naamlik primêre onderwys, sekondêre onderwys en hoër onderwys. In die primêre onderwyskategorie is daar twee afdelings, naamlik Kindergarten — Yōchien — en elementêre skole — shōgakkō. Laasgenoemde kom ooreen met ons laerskole. Sekondêre onderwys is weer verdeel in die laer Sekondêre skole — chūgakkō — en hoër sekondêre skole — Kōtō Gakkō. Eergenoemde stem ooreen met ons standerd agt en laasgenoemde met matriek. Onder hoër onderwys word verstaan die inrigtings wat onderwys na die matriekstandaard voorsien en sluit in tegniese kolleges, junior kolleges en universiteite.⁶

Die onderrig van Geskiedenis in die Kindergarten en elementêre skole

Geen geskiedenisonderrig word in die kindergartenskole gegee nie. Die nadruk word verstaanbaar genoeg op die bybring van begrippe soos gesondheid, gemeenskap, natuur, taal, musiekritme en tekenwerk gelê.⁷ Die kind moet ooreenkomstig die onderwysmetodiek vir die kindergartenskool, stadig-aan bewus gemaak word van homself as mens, sy familie en die gemeenskap waarin hy lewe.

In die elementêre skole — shōgakkō — word die konsep van die mens as sosiale wese uitgebrei. Die uitgangspunt is dan ook wat ons in Suid-Afrika en die Amerikaners verstaan het onder „sosiale studies” met 'n belangrike nadrukverskuiwing in die hoër klasse. Uit 'n totale aantal lesure van vier-en-twintig per week, word twee uur aan sosiale studies in die eerste graad gewy en uit 'n totale aantal van een-en-dertig uur in die sesde graad word vier uur aan sosiale studies gewy.⁸ In die doelstellinge met sosiale studie wat as opdrag vanuit die ministerie van onderwys uitgegaan het, word verklaar dat dit die doel in die algemeen is om by die kind 'n begrip van die interverhoudinge tussen individu en individu tuis te bring. Daarna moet die kind sy plek in die huis, die gemeenskap en nasie leer begryp en by hulle moet die besef ingeskerp word dat daar 'n nuwe verband tussen die mens en sy omgewing bestaan terwyl 'n liefde vir die eie nasie en kultuur 'n natuurlike uitvloeisel is van die mens in sy gemeenskap. Ten laaste moet die kind 'n besef ontwikkel van hoe sy nasie en kultuur histories ontwikkel het soos dit is en die besef moet tuisgebring word van die mens se verpligting ten opsigte van die nasie en die sosiale gemeenskap se ontwikkeling.⁹ 'n Skeiding tussen die vakgebiede geskiedenis, aardrykskunde en burgerkunde moet dus noodwendig in die laer klasse vermy word

5. Fundamentele Onderwyswet, 1947, t.a.p.

6. Ibid.

7. Onderwysministerie: *Outline of Education in Japan*, 1963, bladsy 2.

8. Ibid.

9. Ministerie van Onderwys: doelstellinge met studie van sosiale studies.

maar die onderwysmateriaal moet so gekies word dat die feitemateriaal van elke vakgebied uiteindelik kumulatief tuisgebring word sodat die kind aan die einde van die sesde graad 'n basiese begrip ontwikkel het van die Japanse geskiedenis en aardrykskunde. Vanaf die vierde graad word die onderwerpmateriaal in teenstelling met die posisie soos dit by ons was, noodwendig geskei.

In die vierde graad word net aandag aan die gemeenskappe van Japan en 'n elementêre studie van die antieke Japanse tyd gegee. Geen aardrykskunde word in hierdie jaar gedoseer nie, maar in die vyfde graad word weer net aandag aan die aardrykskunde gegee terwyl in die sesde en laaste graad van die elementêre skool, die aandag toegespits word op die bybring van 'n goeie algemene kennis van die Japanse geskiedenis.

Tot in die derde graad, dit wil sê tot ons ekwivalent van standerd I, word die nadruk dus op „sosiale studies” soos ons dit verstaan, geplaas, terwyl in die drie grade daarna in teenstelling met die Amerikaanse en ons benadering, die vakgebiede geskiedenis en aardrykskunde tot sy reg kom.

Die laer sekondêre skool (chūgakkō)

Die laer sekondêre skoolkursus is 'n drie-jarige kursus en bywoning is verpligtend vir alle kinders en kan vergelyk word met die standerd VI, VII en VIII klasse aan ons hoërskole. In hierdie klasse word die begrip „sosiale studies” behou, maar die skeiding wat daar ingetree het by die aanvang van die derde graadjaar in die elementêre skool en deurgevoer is tot die sesde graad, word gehandhaaf. Uit 'n totale aantal lesure van twee-en-dertig per week word vier in die eerste jaar, vyf in die tweede jaar en weer eens vier in die derde jaar aan sosiale studies gewy.

In sy algemene hersiene instruksies aan onderwysers het die Ministerie van Onderwys die doel van sosiale studies o.a. as volg uiteengesit: die kind moet besef dat die sosiale lewe 'n lang historiese proses deurloop het en hy moet die betekenis van die rol wat individue en die groep in daardie historiese proses gespeel het, verstaan, sodat die gevoel van verantwoordelikheid vir die goeie tradisies wat hy ge-erf het en die sosiale vooruitgang by die kind aangemoedig kan word. Die kind moet gelei word om te begryp dat die sosiale groep as familie-eenheid, dorpsgroepe, stedelike groepe, state en nasies 'n sekere funksie vervul het in die verlede en nog in die toekoms moet vervul. Die inter-menslike verhoudinge binne die raamwerk van die ekonomiese en politieke verband van Japan moet behoorlik verstaan word en die leerling se aandag moet gevestig word op die probleme waarmee Japan huidig gekonfronteer word. Om dit te bereik moet die kind die plek van Japan in die wêreld verstaan en sy besef van sy verantwoordelikheid teenoor sy volk moet daardeur ook verskerp word sodat die kind uiteindelik binne bogemelde raamwerk 'n bydrae kan lewer tot die standbring van wêreldvrede en die vestiging van 'n „democratic and cultural state”.¹⁰

10. Ibid.

Die eng chauvinistiese geregimenteerde vooroorlogse ideologiese doelstelling van die geskiedenisonderrig op skool, moet gevolglik vervang word met 'n breëre begrip van Japan se plek binne die gemeenskap van nasies. Die uitgangspunt in die leergang is nog die wordingsgeskiedenis van die Japanse volk tot op die huidige maar „greater stress should be placed on the development of an impartial understanding of the position of Japan in the world and on the deepening of love of the country and consciousness as members of the nation”.¹¹ Daar word verder daarop nadruk gelê dat die studieveld wat deur sosiale studies gedek word, definitiewe morele opvoedkundige implikasies het volgens die Ministerie van Onderwys van Japan.

In die eerste jaar van die driejarige laer sekondêre skoolkursus word die aandag hoofsaaklik toegespits op aardrykskunde en in die tweede jaar weer op geskiedenis. Nadruk word gelê op die geskiedenis van Japan terwyl 'n algemene inleiding tot die wêreldgeskiedenis met nadruk op die uitstaande momente in die twintigste eeuse geskiedenis as genoegsaam beskou word. Gedurende die derde jaar word die aksent verskuif na die studie van politieke en sosiale verskynsels wat die resultaat is van die geskiedenisverloop en die aardrykskundige gebondenheid van die mens. Met ander woorde, ons kry in hierdie finale jaar van verpligte onderwys benadrukking van die kind se sosiale gebondenheid en verpligtinge en word die kinders aangemoedig om by organisasies soos die Boy Scouts, Girl Scouts, Y.M.C.A., Y.W.C.A., liggaamsoefeninge klubs, ens. aan te sluit.

Hoër sekondêre onderwys (Kōto Gakkō)

Dit is 'n driejarige kursus wat indien die leerling slaag, hom in staat stel om by een van die universiteite in te skryf vir verdere studie. Geen nasionale eksamen word aan die einde van die kursus geskryf nie, want die eksamen wat deur elke skool self ingestel is, word as genoegsame aanduiding van die kind se prestasie en vermoë beskou.

Die kursus wat hier gevolg word is tweerigtend. Ten eerste is daar 'n beroepsvoorbereidende kursus en sluit in kursusse in landbou, vissery, industrie, ens. Leerlinge wat hierdie kursusse volg neem nie geskiedenis of enige ander geestesvormende vak nie. Ten tweede is daar 'n algemene kursus wat die vakke wat aangebied word betref, ooreenstem met die wat in ons provinsiale hoërskole aangebied word en die leerling voorberei vir toelating tot een van die vele universiteite van Japan.

In hierdie kursus word geskiedenis en aardrykskunde weer eens as „sosiale studie” aangedui maar dan word die volgende onder-afdelings gemaak: Burgerkunde, politieke wetenskap, ekonomie, Japanse geskiedenis, wêreldgeskiedenis en aardrykskunde. Burgerskunde, politieke wetenskap, wêreldgeskiedenis en aardrykskunde is verpligte vakke.

11. Ibid.

Hoër onderwys

Onder hierdie begrip is daar drie tipes inrigtings. Ten eerste die tegniese kolleges (Kōtō Senmon Gakkō). Alleen kursusse in die tegnologie word hier aangebied en geen „sosiaal-vormende” vakke word geneem nie.

Dan is daar die junior kollege (Tanki Daigaku) vir die opleiding van o.a. onderwysers wat nie 'n graadkursus neem nie. Die hoof opvoedkundige doelstelling is om goeie burgers te lewer en hierdie twee tot driejarige kursus word beskou vir sover dit die inhoud van die leergang betref, as 'n voortsetting van dié van die hoër sekondêre skool. Sekere afdelings van die geskiedenisleerplan is net soos in die geval van die van die hoër sekondêre skole, verpligtend.

Universiteite

Daar is op die oomblik tweehonderd-en-sestig universiteite in Japan wat algemene graadkursusse soortgelyk aan dié in ons land aanbied. Juis as gevolg van die groot aantal universiteite en hul verspreidheid deur die land, is die aantal studente per universiteit nie uitermate groot nie en wissel tussen vyfduisend en twaalfduisend. Die aantal studente per doserende eenheid is gemiddeld ongeveer ses tot een teenoor 'n aanvaarde gemiddelde van ongeveer ses-en-twintig teenoor een in die Westerse wêreld. Die Japanse doserende personeel kan gevolglik baie meer individuele aandag aan hul studente skenk as wat meestal die geval is in die Weste.

Dit is verder interessant om daarop te let dat volgens die Onderwyswet van 1947 die minimum aantal studiejare ter verkryging van die B.A.- of B.Sc.-graad vasgestel is op vier jaar. Voordat 'n student tot 'n graadkursus toegelaat word, moet hy eers 'n tweejarige algemene „junior” kursus volg. Die doel van die junior kursus is om die studente te voorsien met 'n kennis van die kunste en kultuur in die algemeen en word beskou as 'n belangrike vorm van voorbereiding voordat die student tot meer gespesialiseerde studie toegelaat word. Die kursusse is in die volgende departemente ingedeel: humaniteite, vreemde tale, sosiale wetenskappe, natuurwetenskappe en liggaamlike opvoeding en elke student is verplig om kursusse in elke departement te volg.

Geskiedenis is 'n keusevak in die departement humaniteite en dek die volgende leergange: Japanese geskiedenis, oosterse geskiedenis en westerse geskiedenis. Indien die student in die juniorkursus slaag, word hy toegelaat tot een of ander van die universiteitsfakulteite waar die student dan binne twee jaar na intensiewe gespesialiseerde studie 'n B.A.- of B.Sc.-graad kan behaal. Twee hoofvakke is al wat nodig is gedurende hierdie tweejarige studietyd en omdat die kursusse so gespesialiseerd is, word Japanese geskiedenis, die geskiedenis van die Weste en die geskiedenis van die Ooste as aparte kursusse beskou, maar die onderafdelings van die kursusse stem met mekaar ooreen sodat die student in werklikheid in „geskiedenis” sy graad kan behaal sonder dat hy 'n ander vak hoef by te loop.

Die kursus in Japanse geskiedenis is as volg ingedeel:

- (i) Inleiding tot die geskiedeniswetenskap.
- (ii) Onderwerpe uit die Japanse geskiedenis.
- (iii) Onderwerpe uit die geskiedenis van die Ooste.
- (iv) Onderwerpe uit die geskiedenis van die Weste.

Laasgenoemde twee is van meer algemene aard terwyl die kursus in Japanse geskiedenis intensief is.

Die leergang in die geskiedenis van die Weste sluit 'n kursus in die geskiedeniswetenskap in, asook algemene kursusse in Japanse geskiedenis en die geskiedenis van die Ooste. Wat die geskiedenis van die Ooste betref, word die nadruk weer op die Ooste gelê en is die ander kursusse weer algemeen. Die gevolg is dat indien 'n student sy B.A.-vakkeuse as volg maak, kan hy sy B.A.-graad na twee jaar verwerf sonder dat hy 'n bykomende hoofvak hoef te neem:

- (i) Inleiding tot die Geskiedeniswetenskap;
- (ii) Besondere onderwerpe uit die geskiedenis van Japan;
- (iii) Besondere onderwerpe uit die geskiedenis van die Ooste;
- (iv) Besondere onderwerpe uit die geskiedenis van die Weste.¹²

Dit is verder interessant om daarop te let dat vir die M.A.-graad en D.Phil.-graad die kandidaat, afgesien van die verhandeling wat ingedien moet word, 'n intensiewe studie uit sekere periodes van die Japanse geskiedenis sowel as bronnemateriaal en die teorie daaraan verbonde, moet maak. Dieselfde geld vir die D.Phil.-kursus.¹³ Lesings word in elke kursus gegee en individuele navorsingswerk oor elke afdeling word van elke student verwag.

T. S. van Rooyen.

12. Katalogus van die Universiteit van Tokio, bladsye 49-50.

13. Katalogus van die Universiteit van Osaka, bladsy 93-94 en bladsy 96.

BOEKE ONTVANG VIR BESPREKING

Beloch, Karl Julius: Bevölkerungsgeschichte Italiens, II. Die Bevölkerung des Kirchenstaates. Toscanas und der Herzogtümer am Po., D.M. 48, pp. VIII/312, Walter de Gruyter & Co., Berlin, 1965.

Coolhaas, Dr. W. Ph., uitgegeven door: Generale Missiven van Gouverneurs-generaal en Raden aan Heren XVII der Verenigde Oostindische Compagnie, Deel II: 1639-1655, pp. XIV/870, Martinus Nijhoff, 'sGravenhage, 1964.

Forbes, Vernon S.: Pioneer Travellers in South Africa, R4-50, pp. 177, A. A. Balkema, Cape Town/Amsterdam, 1965.

Mes, G. M.: Mr. White Man, What Now?, R2-75, pp. 249, Afrikaanse Pers-Boekhandel, Johannesburg, 1965.

Pretoriana, Nr. 48, Augustus 1965.

South African Archival Records, Natal No. V. Records of the Natal Executive Council (1856-1859), edited by Mrs. V. R. Fourie, M.A., and completed by Miss L. J. Twyman, pp. XX/443, Cape Town, 1964.

Suid-Afrikaanse Argiefstukke, Kaap No. V. Resolusies van die Politieke Raad, Deel V, 1716-1719, persklaar gemaak deur G. C. de Wet. M.A. (Redakteur), pp. XXIII/434, Kaapstad, 1964.